

SPOEL EN SPAAR

Vervang self die klepmeganisme van jou toilet se spoelbak en spaar 'n paar rand met hierdie wenke van Cashbuild

LOODGIETERS is duur, maar as jy self die herstelwerk kan doen, sal jy beslis 'n paar rand spaar. Om die klepmeganisme in jou toilet se spoelbak self te vervang is 'n eenvoudige taak wat jy sonder 'n professionele loodgieter kan doen.

Cashbuild, die verbruiker se kampvegter, verkoop 'n verskeidenheid klepmeganismes en help jou met instruksies wat jy maklik kan volg.

Die manier waarop jy die klep vervang, is min of meer dieselfde ongeag die ontwerp of hoe oud die toilet is. As jy die onderstaande diagram volg, behoort jou toilet in 'n japtrap weer eksieperfeksie te wees, sonder moeite en met basiese gereedskap.

BENODIGDHEDE

'n Nuwe klepmeganisme, 'n lap en 'n nuwe pakstuk wat tussen die spoel- en toiletbak pas.

STAP 1: BEGIN BY DIE BEGIN

Lig die spoelbak se deksel en sit dit versigtig neer sodat dit nie kraak of breek nie. Voor jy verder gaan, maak seker die watertoevoer teen die muur agter die toilet is toegedraai. Maak nou die spoelbak leeg deur die toilet soos gewoonlik te spoel. Gebruik 'n lap om die laaste bietjie water op te ve.

STAP 2: ROL JOU MOUE OP

Skroef die oorloopsteel (3) by die klepmeganisme uit. Trek die ou meganisme (2) los van die opgaarbak se bodem. Kyk sommer nou of die pakstuk tussen die spoel- en toiletbak nog heel is – dis dikwels die sondaar waar die water aanhou lek as jy jou toilet klaar gespoel het. Vervang die pakstuk indien nodig.

STAP 3: WORD NAT

Plaas die nuwe klepmeganisme

op die regte plek onder in die spoelbak. Skroef die oorloopsteel (3) weer terug, maar moet nog nie daaraan verstel nie. Draai nou die stopkraan teen die muur oop. Laat die spoelbak vol loop tot by die 9 L-vlak. Nou kan jy die oorloopsteel (3) verstel tot die boonste koppelstuk (4) aan die water raak.

STAP 4: SIT ALLES TERUG

Heg die stelsteel (5) weer aan die boonste koppelstuk. Plaas die deksel versigtig terug.

S Hierdie aanwysings is vir 'n 9 L-spoelbak. As jou spoelbak net 6 L water hou, verstel die dobber dienooreenkomstig om die invloei van water te beperk, maar los die oorloopsteel se verstelling by die 9 L-merk.


BELANGRIK Maak seker 'n 6 L-spoelbak is gekoppel aan 'n 6 L-opgaarbak.

Besoek jou naaste Cashbuild-tak vir nog raad oor die regte produk vir jou. Cashbuild-winkels is gerieflik oor die hele Suid-Afrika geleë. Bel die Cashbuild Sharecall-nommer by 060-100-582 vir enige navrae of om uit te vind waar jou naaste tak is. s



FOTO TER ILLUSTRASIE: GRENSTOCK-CORBIS

TOILETOPGAARBAK



Cashbuild
 GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE
 193 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika